# 6. Kontekstuele vrae

## Hoofstuk 1: Welkom in Alfaville

**Vrae:**

1. Waarom is die naam van die hoofstuk gepas?
2. Wat kan jy van die taxidrywer aflei as jy na sy dialoog kyk?
3. Volgens Rikus is die huise in Alfaville 100 jaar laas geverf. Van watter stylfiguur maak hy hier gebruik?
4. Waarom sal Alfaville nie die prys vir Dorp van die Jaar kan wen nie?
5. Hoekom lyk Hoofstraat vir Rikus letterlik soos 'n hoofstraat?
6. Wie is die spreker in hierdie hoofstuk en hoe weet jy dit?
7. Watter tipe verteller tref jy aan in hierdie verhaal? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.
8. Rikus verwys na sy ma se nuwe man, oom Dolf. Wat kan ons uit Rikus se woorde aflei oor sy verhouding met oom Dolf?
9. "Ek dink dit sou maar boring gewees het op 'n bus." Verskaf 'n gepaste Afrikaanse woord vir "boring".
10. Dit is duidelik dat Rikus senuagtig is om by sy oom te gaan kuier. Waaruit kan jy dit aflei? Verduidelik ook waarom dit die geval is.
11. Wat is Rikus en oom Jake se verwantskap?
12. Daar is heelwat idiome wat oor familie handel. Verklaar die betekenis van die volgende idiome:
    Bloed is dikker as water.
    Bloed kruip waar dit nie kan loop nie.

**Aktiwiteit:**

Verbeel jou jy is Rikus. Stuur 'n WhatsApp-boodskap aan jou ma waarin jy vir haar vertel van die taxirit, jou eerste indrukke van Alfaville en dat jy veilig arriveer het. Jou boodskap moet 60-80 woorde lank wees.

# 7. Antwoorde

## Hoofstuk 1: Welkom in Alfaville

1. Dit sluit aan by die boek se titel en is ook gepas omdat dit die hoofstuk is waarin Rikus in Alfaville arriveer.
2. Hy is waarskynlik van ’n ander kultuurgroep as Rikus en Afrikaans is nie sy huistaal nie. Hy noem vir Rikus “bhuti” wat ’n Xhosa-woord vir “boetie” is.
3. ’n hiperbool (oordrywing)
4. Die huise is outyds en lelik; dit lyk of van hulle ’n 100 jaar laas geverf is.
5. Daar is meer winkels en besighede in die straat as wat daar huise is.
6. Rikus is die spreker. Hy verwys na sy ma en stiefpa, sowel as na sy oom Jake, so ons weet hy is aan die woord.
7. Dit is ’n eerstepersoonsverteller. ’n Karakter in die boek, Rikus, is aan die woord en ons kyk na dinge vanuit sy perspektief.
8. Rikus en oom Dolf het waarskynlik nie ’n baie goeie verhouding nie. Oom Dolf wil nie die moeite doen om ’n ompad te ry en Rikus in Alfaville af te laai nie, hy sit hom eerder op die taxi. Hy het ook Rikus se ma oortuig dat die taxi ’n goeie idee is. Rikus noem ook dat hy eerder Alfaville toe sal loop as om so lank saam met oom Dolf in ’n motor te wees.
9. Enige EEN: vervelig, saai, oninteressant, banaal
10. Rikus se gesig is teen die venster vasgeplak en sy ore begin suis van die spanning en afwagting. Hy het sy oom laas gesien toe hy nog ’n kind was en sy pa nog geleef het, so oom Jake is basies vir hom ’n vreemdeling.
11. Oom Jake is Rikus se oom en sy pa se broer.
12. Die twee idiome het min of meer eenderse betekenisse: